Die ekonomiese impak van veediefstal in Suid-Afrika

Die ekonomiese impak van veediefstal moet met sorg bestudeer word omdat die waarde van die gesteelde vee op verskillende maniere verreken kan word.

Dit is soms onduidelik of dieselfde prys per kop oor die tydperk in sulke berekeninge gebruik is en of dit volgens die onderskeie jare se markwaardes bepaal is. Faktore soos inflasie of veranderinge in die rooivleispryse oor tyd kan dus die waardes beïnvloed. Die getalle diere wat per jaar gesteel, teruggevind en verloor is, gee ‘n baie meer realistiese waarde.

Veediefstalsyfers vir 2016/17 wys dat die grootste getal skape in die Oos-Kaap (net onder 40 000) gesteel is. In die tweede plek is die Vrystaat (sowat 20 000) en dan Noord-Kaap (byna 7 500). Die syfers vir beeste lyk ietwat anders, met KwaZulu-Natal wat die hoogste diefstalsyfer toon (net meer as 14 000), gevolg deur die Vrystaat (net meer as 10 000) en Noordwes (net minder as 10 000). Die meeste bokke is in KwaZulu-Natal gesteel in 2016/17 (sowat 13 000) met die Oos-Kaap in die tweede plek (meer as 7 000) en Limpopo derde met meer as 4 000.

Dié syfers wys dat beesdiefstalle, met die uitsondering van die Oos-Kaap, in al die provinsies gedurende 2016/17 gestyg het. Skaapdiefstalle, volgens statistiek van die SAPS, het in die Oos-Kaap, Noordwes en Gauteng gestyg en in die Wes-Kaap, Noord-Kaap, Vrystaat en Mpumalanga afgeneem. Die syfers het redelik konstant gebly in Limpopo en KwaZulu-Natal.

Die terugvindkoers (kyk na Tabel 1)
Volgens statistiek van die SAPS het die tempo waarteen beeste teruggevind is, tussen 2011/12 en 2016/17 verswak. Die terugvindkoers van skape het meer variasie getoon oor die tydperk, maar het tussen 2015/16 en 2016/17 met 5% gedaal. In die geval van bokke het die terugvindkoers oor dié tydperk redelik konstant tussen 26% en 30% gebly.

So lyk veediefstalsyfers in SA:

		2011/2012	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016	2016/2017
	Gesteel	R830,906,600	R757,155,750	R788,536,200	R819,045,200	R877,381,700	R1,058,806,200
	Terug-gevind	R344,271,900	R282,034,950	R277,475,800	R301,452,200	R309,211,200	R324,285,400
	Verlore	R486,634,700	R475,120,800	R511,060,400	R517,593,000	R568,170,500	R734,520,800
	Gesteel	R621,099,000	R557,820,000	R598,017,000	R610,467,000	R653,148,000	R796,328,000
Beeste	**Terug-gevind**	R288,855,000	R233,760,000	R231,735,000	R247,632,000	R251,676,000	R263,965,000
	Verlore	R332,244,000	R324,060,000	R 66,282,000	R362,835,000	R401,472,000	R532,363,000
Skape	**Gesteel**	R141,675,000	R138,105,000	R127,540,800	R143,541,200	R153,183,700	R180,086,000
	Terug-gevind	R35,353,500	R32,052,450	R26,660,800	R35,523,200	R38,243,200	R36,006,000
	Verlore	R106,321,500	R106,052,550	R100,880,000	R108,018,000	R114,940,500	R144,080,000
Bokke	**Gesteel**	R68,132,600	R61,230,750	R62,978,400	R65,037,000	R71,050,000	R82,392,200
	Terug-gevind	R20,063,400	R16,222,500	R19,080,000	R 18,297,000	R19,292,000	R24,314,400
	Verlore	R48,069,200	R45,008,250	R43,898,400	R46,740,000	R51,758,000	R58,077,800

Bron: Veediefstal Statistiek vir SA (2017)

Tabel 1: Landwye terugvindkoers vir gesteelde vee per jaar volgens SAPS data.

Terugvindkoers	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
Bees	47%	42%	39%	41%	39%	33%
Skaap	25%	23%	21%	25%	25%	20%
Bokke	29%	26%	30%	28%	27%	30%

Die statistiek wys verder dat die aantal sake wat gerapporteer is ook ‘n afwaartse tendens toon terwyl die gemiddelde getal vee wat per gerapporteerde insident gesteel is, geleidelik styg (soos getoon in die grafieke). Daar is twee moontlike redes: óf veeboere rapporteer nie kleiner verliese (een of twee skape) aan die SAPS nie, maar wel groter insidente; of dit kan ‘n aanduiding wees dat veediefstalsindikate minder gereeld toeslaan, maar meer vee per insident steel, en waarskynlik raak hulle meer bedrewe met die verkwansel van die vee voordat dit teruggevind kan word.



Bron: Veediefstal Statistiek vir SA (2017)



Bron: Veediefstal Statistiek vir SA (2017)

Uit ander bronne

Ondanks die SAPS se amptelike syfers, het Statistiek SA bevind dat die nie-rapporteringskoers vir veediefstalgevalle in 2015, sowat 67.7% was en versleg het tot 70.1% in 2016. Dit wil sê, meer as 70% van veediefstalsake is nie aan die SAPS gerapporteer nie.

'n Studie deur die Departement Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat, toon dat die terugvindkoers van gesteelde beeste, skape en bokke in die Vrystaat, Oos-Kaap en Natal veel laer is as wat die SAPS-statistiek getoon het. Volgens dié studie is daar in al drie die provinsies meer skape per jaar verloor (diere wat nie teruggevind is nie) as wat SAPS-statistiek toon. Die terugvindkoers van gesteelde vee in al drie die provinsies is ook laer as wat amptelike syfers wys (sien meegaande grafieke vir meer inligting).

Die grootste verlies aan skape is in die Vrystaat aangeteken waar byna 85 000 skape per jaar verloor word – sowat 1.82% van die Vrystaatse kommersiële skaapboere se skape. Die direkte koste alleen van veediefstal in die drie provinsies is bereken op sowat R 477 miljoen per jaar en 'n verdere R 166 miljoen word deur produsente aan die voorkoming van veediefstal bestee.



Lombard et al. (2017)



Lombard et al. (2017)



Lombard et al. (2017)



Lombard et al. (2017)

Ten slotte

Navorsers het bevind dat werkloosheid en droogte (bestaans-saaiboere wat nie ‘n oes kry nie, ensovoorts) van die grootste oorsake van veediefstal is. Suid-Afrika het reeds een van die hoogste werkloosheidsyfers ter wêreld en ons het steeds nie oplossings daarvoor nie. Boonop gaan Suid-Afrika ook gebuk onder ‘n langdurige droogte.

Dié faktore speel ‘n groot rol in die toename in veeverliese gedurende 2016/17. Volgens ‘n onlangse droogtestudie deur die RPO, word daar geskat dat die nasionale beeskudde sowat 15% verklein het en die skaapkudde sowat 14%. Gedurende Desember 2017 is daar 30% minder vee as ‘n jaar vantevore geslag, wat aandui dat produsente weer hulle kudde begin opbou. Die afname in die aanbod van vee het veroorsaak dat die waarde van vee (ook gesteelde vee) verder styg. Dit is dus nou meer winsgewend om ‘n veedief te wees. Dit wil voorkom of ons al die elemente vir ‘n perfekte (veediefstal) storm het.